AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/01
Reading and Writing

Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In Oefening 1: Skryf bondige antwoorde wat duidelike begrip van die vrae toon.
- In Oefening 2: Identifiseer die verlangde inligting in die bronteks en dra dit akkuraat op die vorm oor.
- In Oefening 3: Lees die bronteks, die voorbeeld-antwoord en die opskrifte vir antwoorde noukeurig deur en maak kernagtige aantekeninge.
- In Oefening 4: Skryf 'n kernagtige opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde.
- In Oefening 5 en 7: Gebruik die verlangde formaat en lewer 'n skryfstuk wat uit samehangende paragrawe bestaan en goed by die onderwerp aansluit.
- In Oefening 6: Skryf antwoorde in hulle eie woorde wat duidelike begrip van die vrae en die teks toon.

Kommentaar op spesifieke vrae

Oefening 1

- Kandidate het die vrae oor die algemeen goed beantwoord.
- Kandidate moet herinner word dat hulle genoeg inligting in hul antwoord moet gee. Vir **Vraag 1** het sommige byvoorbeeld net "stap en skoon lug" in plaas van "Toeriste/mense wat hou van stap en skoon lug" geskryf.
- Party kandidate het **Vraag 5** verkeerd beantwoord omdat hulle nie genoem het dat voornemende kampeerders toestemming moet vra om te kan kampeer nie.
- Sommige kandidate het punte verbeur deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens in die sinne sal skuil. Punte is slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag gevolg het.

Oefening 2

- Die meeste kandidate het die vorm baie goed ingevul, maar sommige het nie fyn genoeg gelees nie en die verkeerde e-posadres ingevul.
- Waar kandidate moes invul waarvoor die persoon die rekenaar gebruik, moes hulle "skoolwerk" en "navorsing" vir een punt aandui.
- Sommige kandidate het hul eie inligting eerder as die fiktiewe persoon s'n gegee het (veral in die laaste deel van die vorm).

Oefening 3

- Kandidate het redelik goed gevaar in hierdie oefening.
- Die meeste kandidate het die twee punte by **(a)** gekry.
- Sommige kandidate het by **(b)** punte verbeur deur nie genoeg inligting te gee nie.
- By **(c)** moes kandidate nie net 'n rits diere en plante/bome neerskryf nie, maar hulle moes na algemene kenmerke verwys, byvoorbeeld "'n verskeidenheid bome/plante" en/of "baie soorte diere".
- Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan selekteer.

Oefening 4

- Alhoewel sommige kandidate die opsomming goed hanteer het, het talle nie ag geslaan op die woord "kontraste" in die opdrag nie, maar net algemene geografiese inligting oor Afrika verstrek. Dit het beteken hulle het die opdrag nie goed uitgevoer nie en dus min punte of selfs geen punte behaal nie.

© 2011

- Kandidate wat goed gevaar het, het na vyf kontraste verwys.
- Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde, en sover moontlik in hul eie woorde.

Oefening 5

Alhoewel daar verskeie besonder goeie skryfstukke was waarin kandidate met oorgawe beskryf het hoe hulle tydens ’n vakansie beseer is (onder andere van perdry-, tot motorfiets- tot motorongelukke) en hoe dit die res van hulle vakansie beïnvloed het, het sommige kandidate die onderwerp verkeerdelik slegs as “My vakansie” vertolk – ’n hartseer situasie, want, volgens die nasienskema kry kandidate ’n nulpunt as hulle skryfstuk geen verband met die onderwerp hou nie.

Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die volgende gee:

- die korrekte vorm vir ’n brief: ’n adres (verkieslik) en beslis ’n datum bo regs, ’n gepaste aanhef en ’n gepaste slot
- ’n beskrywing in die verlede tyd
- logiese paragraafverdeling (verkieslik ten minste drie paragrawe).

Algemene taalkundige aspekte en foute wat aandag verdien:

- die gebruik van volsinne
- die gebruik van punktuasie
- die korrekte gebruik van hoofletters
- die gebruik van “so” in plaas van “dus”
- die gebruik van “lewe”, “lief”, “lyf”
- die gebruik van “eie” en “eier”
- die verskil tussen “sal” en “wil”
- die gebruik van “kuier” en “besoek”
- *Waarheen* gaan jy?
- Jy gaan *saam* met iemand …

Oefening 6

Algemene kommentaar:

- Kandidate moet die vrae in hul eie woorde probeer beantwoord.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Moenie antwoorde met ’n voegwoord begin nie.

Kommentaar op die vrae:

- **Vraag 1**: Die meeste kandidate het die volle twee punte vir hierdie vraag gekry alhoewel talle gesukkel het om hulle eie woorde te gebruik.
- **Vraag 2**: Hierdie vraag is goed beantwoord.
- **Vraag 3**: Kandidate moes hier noem dat ’n fotograaf goeie foto’s sou kon neem omdat ’n mens hoog op ’n olifant sit en dus goed kan sien.
- **Vraag 4**: Sommige kandidate het hul antwoord direk uit die teks gehaal sonder enige teken of hulle werklik verstaan wat “lui-lui” beteken.
- **Vraag 5**: Swakker kandidate het hierdie vraag moeilik gevind en ’n lang sin uit die teks neergeskryf met die hoop dat die antwoord daarin sou wees. Hulle moes egter spesifiek noem dat bewyse in rotskuns gevind is.
- **Vraag 6**: Hierdie vraag is goed beantwoord.
- **Vraag 7**: Die meeste kandidate het die eerste deel van die vraag korrek beantwoord, maar swakker kandidate het as bewys sinne uit die teks neergeskryf sonder om te wys dat hulle die hele opdrag verstaan het en dus die tweede punt verbeur.
- **Vraag 8**: Die meeste kandidate het die punt vir hierdie vraag gekry. Sommige het gesukkel om hulle eie woorde te gebruik.

© 2011

Oefening 7

Dit was duidelik dat die meeste kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf. ’n Algemene fout was dat sommige oor hulle eie rolmodel wou skryf in plaas van oor of dit belangrik vir tieners is om ’n rolmodel te hê.

Benewens algemene foute ten opsigte van leestekens, spelling, hoofletters, woordorde en die ontkennende vorm, was daar twee algemene probleme ten opsigte van die styl/aanbieding van die skryfstukke:

- Te min kandidate verskaf ’n opskrif.
- Te min kandidate het in paragrawe geskryf.

© 2011

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/02
Listening

Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In **Oefening 1** en **Oefening 2** moet kandidate nie slegs baie aandagtig na die teks luister nie, maar ook al die vrae op die vraestel baie aandagtig lees om gepas te antwoord.
- In **Oefening 3** en **Oefening 4** moet kandidate probeer om korrek te skryf om te bewys dat hulle die luisterteks verstaan het.

Algemene kommentaar

Oor die algemeen het die grootste persentasie kandidate die vier opnames van gesprekke/onderhoude waarna hulle moes luister, goed of redelik goed verstaan en gepas daarop gereageer. Dit is baie verblydend dat ’n groot aantal uitmuntend presteer het.

Slegs ’n geringe deel het blykbaar geen begrip getoon van die luistertekste nie en hulle kon dus nie die vrae daaroor sinvol beantwoord nie. Dit is van die grootste belang dat sulke kandidate dus in die klaskamer baie na Afrikaans moet luister en hul luisterbegripsvaardighede gereeld moet oefen. Om ’n gesproke taal in ’n gespreksituasie te verstaan, is gewoonlik moeiliker as om die geskrewe weergawe te lees en verstaan. In **Oefening 1** (“waar en onwaar”) en **Oefening 2** (meerkeusevrae) het die meeste swakker kandidate ook punte gekry, wat gehelp het om hul totaal vir die vraestel op te stoot as hulle swak gevaar het in **Oefening 3** en **Oefening 4** waar hulle self antwoorde moes neerskryf in woorde, frases en sinne.

Taal- en spelfoute is nie in ag geneem by die puntetoekenning nie, solank die woorde herkenbaar is en kandidate getoon het dat hulle weet wat die woord wat hulle neergeskryf het, beteken en dit in die konteks pas, hoewel dit verkeerd gespel is. Kandidate kon geen punte kry nie vir onherkenbare woorde.

Sommige kandidate skryf eers die antwoorde in potlood en skryf daarna met ’n pen bo-oor. Dit maak dit moeilik om te sien wat die antwoord is.

Kommentaar op spesifieke vrae

Oefening 1: Vrae 1-6

Baie kandidate het volpunte behaal vir hierdie oefening. Om **Vraag 6** korrek te beantwoord, moes besonder fyn geluister word. Dit is verblydend dat soveel kandidate daarin geslaag het.

Oefening 2: Vrae 7-11

Die meeste kandidate het nie met hierdie vrae gesukkel nie en talle het volpunte behaal. Sommige het by party vrae geen blokkie gemerk wat nie verstandig was nie.

Van die kandidate het meer as een blokkie by ’n vraag gemerk; dan kan geen punt toegeken word nie. Hulle moet ook nie die blokkies wat hulle kies, inkleur nie. Die instruksie sê dat ’n regmerkie in die gekose blokkie gemaak moet word.

© 2011

Oefening 3: Vrae 12-19

Die vrae oor die luisterteks wat oor die sanger Zubs gehandel het, is ook oor die algemeen goed beantwoord. Sommige kandidate het die woord “mense” uitgelaat by **Vraag 14 (ii)**. Dan het hulle nie die punt gekry nie.

Uit die antwoorde het geblyk dat woorde met ’n hoë gebruiksfrekwensie deur nogals baie kandidate verkeerd gespel word. Verkeerde spelwyses is bv. gebruik vir *liefde, leuens* en *vriendskap*. Baie kandidate ken nie die verskil tussen *lief* en *leef* nie. Die woord *hede* is dikwels verkeerd gespel: “Lief in die hierde” i.p.v. *Leef in die hede*. Party kandidate sukkel ook met die verskille tussen *liewe, lewer* en *lewe*.

Oefening 4: Vrae 20-27

Die meeste kandidate kon aanklank vind by hierdie luisterteks oor drie vissers wat in ’n bootjie in digte mis op die see in die moeilikheid geraak het. Hul antwoorde het dan ook getoon dat hulle die gesprek verstaan het en omdat taalfoute en spelling nie ’n groot rol speel in die evaluering van antwoorde nie, het hulle dus goed gevaar.

Ook uit die antwoorde op hierdie vrae het egter geblyk dat talle kandidate swak spel. Daar was min (ook kandidate wat Afrikaans goed ken) wat die woord *roei* kon spel. Talle ken nie die verskil tussen *rooi* (kleur) en *roei* (werkwoord nie). Die woorde *uur*, *stuur* (“steer”, “stier”) *mis*, en *vliegtuig* is ook dikwels verkeerd gespel.

© 2011

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/05

Oral

Key message

In order to do well in this examination, candidates should:

- consider the issue raised in their Oral Assessment Card and their own reaction(s) to it
- be ready to engage in a natural and spontaneous discussion
- be prepared to take the lead in the conversation.

General comments

Quality of recordings

The sound quality was usually very good, but teachers are reminded to test the acoustics and the recording levels before the exams take place, and to listen to the recordings before submitting them; in some cases, the sound was too soft and Moderators struggled to hear what was said.

Introductions

These were mostly done in accordance with instructions. Examiners are reminded that the introduction and the announcements at the beginning of the recording should always be done in Afrikaans, not in English.

Duration

Some Examiners exceeded the three minutes allocated to the warm-up. As this part is not assessed, it rather wastes valuable time. The rest of the examination is often shortened as a result of a longer warm-up, and candidates are left with insufficient time to show the full range of their capabilities.

The main part of the conversation should last between 12 and 15 minutes to give the candidates time to display their Afrikaans communication skills. In some cases, conversations fell significantly short of the stipulated length, which was to the disadvantage of the candidate.

Assessment

Assessment was, overall, in line with the mark scheme, but some of the candidates at the weaker end were disadvantaged. Very few Second Language candidates fall in the lowest band, as this band describes performances where candidates can really only answer in one to two words. Similarly, non-native speaker candidates should not be denied access to the top band if their performance merits it.

When assessing the candidates it is advisable to award marks for fluency first. Examiners may find it useful to consider band 7 – 8 as a starting point; if a candidate can answer in full sentences this band is usually the point of departure from which the mark may be adjusted upwards.

More often than not, the categories Structure and Vocabulary are correlated; if a candidate does not have a suitable command of structure, s/he will usually also not have the ability to deploy vocabulary correctly. The marks do not have to be the same for these two categories but a big difference between the two is unlikely.

As always, it was a real a pleasure listening to the conversations. Teaching Afrikaans as a Second Language is not always easy, especially in places where Afrikaans is not widely spoken. It was clear, however, that the challenge had been admirably met, and Teachers are therefore to be commended on their performance and on that of their candidates.

© 2011